

**DIE DINAMIETONTPLOFFING TE BRAAMFONTEIN OP
19 FEBRUARIE 1896***

J J Fourie
Akademie, Windhoek, S.W.A.

In die geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek kan die jaar 1896 tereg as die jaar van rampe bestempel word. Te midde van groot politieke onrus het Nuwejaar in 1896 aangebreek. Ná die Jameson-inval het drie rampe egter daartoe bygedra om die vyandigheid tussen Boer en Uitlander te temper, naamlik die Braamfonteinse dinamietontploffing op 19 Februarie 1896; die uitbreek van Runderpes wat die boerebevolking in armoede gedompel het; en die vergaan van die Drummond Castle in Junie 1896 tydens 'n vaart van Suid-Afrika na Engeland naby die Franse kus, toe 242 mense – onder wie baie Johannesburgers – verdrink het.¹

Van hierdie drie rampe was die dinamietontploffing te Braamfontein waarskynlik die een wat weens sy plotselinge verwoesting die langste onthou sal word, alhoewel dit nie Suid-Afrika se grootste dinamietontploffing was nie, want op 17 Julie 1932 het 'n hele trein met 'n groter hoeveelheid dinamiet te Leeuwdoorstad ontplof, terwyl in Januarie 1883 in Kimberley by die De Beersmyn 150 000 pd. dinamiet ontplof het. In albei laasgenoemde gevalle was die gevolge egter minder noodlottig.

Die teenwoordigheid van groot hoeveelhede dinamiet in die steeds groeiende Johannesburg het voortdurend kommer gewek. Reeds op 18 Oktober 1893 het lid D. Gilfillan tydens die weeklikse vergadering van die Gesondheidskomitee gewys op die groot gevaar wat ontstaan deurdat groot hoeveelhede dinamiet per spoor tot in die middel van die stad gebring word.² Hy het self gesien hoedat 'n wavrag dinamiet haastig oor spoorlyne voor 'n aankomende trein gestoot moes word en hoedat daar in die proses twee kiste dinamiet van die wa afgeval het. Sy voorstel dat hierdie toestand van sake direk onder die aandag van die regering gebring moes word, is algemeen aangeneem.³

Daar is egter niks omrent die aangeleentheid gedoen nie en sake het verder versleg deurdat E Lippert, agent vir die Eerste Fabrieken voor Ontplofbare Stoffen, en die bestuur van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij haaks was oor die tye waarop dinamiet ontvang en na die dinamietmagasyne vervoer sou word.⁴ Waar ander groothandelaars bereid was om vanaf 6h00 tot 17h00 dinamiet op die stasie te ontvang, was Lippert vir sy eie gerief bered om slegs vanaf 9 vm. tot 3 nm. dinamiet te ontvang.⁵ Hierdie onwilligheid was een van die faktore wat sou bydra tot die dinamietontploffing.

*Oorgeneem uit *Geskiedenisnavorsingsprojek, Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, 1886 — 1961*, R.A.U., Nr 2, Oorsig 1973.


E. Rosenthal: Gold! Gold! Gold! The Johannesburg Gold Rush (New York, 1970), pp. 307—315.
(Johannesburgse Openbare Biblioteek) J. Arch. 82 Gezondheids Comité Notulen, 13 Oktober 1893,
p. 99.

Ibid.

(Transvaalse Argiefbewaarplek) S.S. 5254 Inkomende Stukke R 1796/96: Uittreksels uit korrespondensie tussen E. Lippert, Spoerwegmaatskappy en Dinamietmaatskappy, pp. 223—229.

Ibid., p. 226.

offing
for
triples




Op 15 Februarie het die Eerste Fabrieken voor Ontplofbare Stoffen tien spoorwegtrokke, gelaai met 2 334 kiste dinamiet (140 040 pd.) aan hulle agent te Johannesburg (Eduard Lippert) gestuur. Lippert het van die N.Z.A.S.M. 'n vragbrief ontvang wat hom in kennis gestel het dat die tien trokke dinamiet op 15 Februarie op Braamfonteininstasie gearriveer het en op Maandag 17 Februarie afgelaai moes word.⁶ Aangesien die bergruimte in die dinamietmagasyne te Braamfontein redelik beperk was, het Lippert op 17 Februarie 791 kiste dinamiet aan die myne verkoop, maar toe die Spoorwegbesteldienste om 15h00 met 'n deel van die besending dinamiet by die magasyne opdaag, was die magasyne gesluit sodat die dinamiet weer op die trokke gelaai moes word.⁷ Weens hierdie onnodige werk het die N.Z.A.S.M. 'n eis van £3 aan Lippert gestuur. Lippert se weiering om hierdie bedrag te betaal en die Besteldienste se weiering om die vrag af te laai alvorens hierdie bedrag betaal is, het veroorsaak dat die betrokke dinamiet 3½ dae lank te midde van gebreklike toesig in die warm Februarie-son moes staan. Daardie getwis oor die £3 was 'n verdere aanleidende oorsaak van die ontploffing wat sou volg.⁸

Eers op Woensdag 19 Februarie is begin om van die vrag dinamiet af te laai. Die trokke met dinamiet het op 'n sylyn ongeveer 400 meter ten suidweste van die huidige Braamfonteininstasie gestaan. Die sylyn moes deur 'n spoorwegwissel afgesluit gewees het, maar weens nalatigheid van die spoorwegamptenare was die wissel na die verkeerde kant toe oorgeslaan. Gevolglik het 'n rangeertrein, wat teen gewone rangeerspoed agteruit beweeg het, op die sylyn waarop die tien trokke met dinamiet gestaan het, beland en daarteen gebots. Die botsing is oombliklik gevolg deur 'n oorverdowende slag waarmee 2 214 kiste met 50 pd. ontplofbare gelatine elk ontplof het.⁹ (120 kiste was reeds afgelaai.)

Van die spoorwegtrokke het niks oorgebly nie terwyl die ontploffing 'n gat in die grond uitgeruk het wat volgens die tydgenootlike koerante 200/230/300 vt. lank, 50/50/100 vt. wyd en 25/30/50 vt. diep was.¹⁰ Vanuit Johannesburg kon verskrikte inwoners swart stof en 'n rookwolk in die rigting van Braamfontein soos 'n paddastoel die lug in sien trek. Alle vensters aan die westekant van geboue is uitgeruk en verpletter. Die reaksie was een van verbystering. Sommige mense het gedink dis die oordeelsdag; ander het gedink iemand is besig om hulle huise met dinamiet te saboteer; terwyl ander gedog het dis Jameson wat ontsnap het en Johannesburg met bomme bestook. In die rondgaande hof het regter De Korte pas met 'n saak begin toe die ontploffing plaasgevind het as gevolg waarvan elektriese ligte losgebreek het en die helehofgebou met stof gevul is. "His Lordship made an undignified descent from the bench, and the court was in a moment cleared".¹¹

Die Afrikanergemeenskappe Fordsburg, Braamfontein en Vrededorp, asook die Indiër- en Maleierbuurte wat die naaste aan die ongelukstoneel geleë was, het die ergste onder die ontploffing deurgeloop. Groot gedeeltes van Fordsburg en Vrededorp, wat hoofsaaklik uit sinkgeboutjies bestaan het, is feitlik heeltemal in puin

6. S.S. 5254 Inkommende Stukke R 1796/96: Afskrif van vragbrief N.Z.A.S.M. — E. Lippert, 15 Februarie 1896, p. 202.
7. S.S. 5254 Inkommende Stukke R 1796/96: Rapport van de Commissie van Onderzoek n.d. Oorz.-n der Dynamiet Ontploffing, p. 6.
8. *Ibid.*, pp. 7—8.
9. *Ibid.*, pp. 3—4 (120 kiste was reeds afgelaai).
10. The Star, 19 Februarie 1896: Terrible Explosion; The Standard and Diggers' News, 20 Februarie 1896: National Disaster; The Johannesburg Times, 20 Februarie 1896: An Awful Catastrophe.
11. The Star, 19 Februarie 1896: Terrible Explosion.



gelê. In die nuwe N.G. Kerk van Fordsburg sou 'n biduur om 3 nm. gehou word. Kerkgangers het reeds buite die kerk gestaan toe die ontploffing plaasvind.¹² Die kerk is in puin gelê en sou heeltemal herbou moes word.

"Turn ones eyes in whatever direction one might from the calamitous spot, the scene was one of horror and desolation ... The sight turned one sick. Every few yards one came across a reverent little circle of people standing round something on the ground ... Hundreds of houses have been wrecked ... scores of those one met in going round the township bore some trace of injury either in the shape of bandages or cuts".¹³ Volgens die verslag van 'n waardasiekomitee wat na die ramp gestig is, het hulle 670 eiendomme met 3 388 kamers, 99 sake-ondernehemings en 55 stalle ondersoek. Van die 670 geboue was 340 lig beskadig, 234 was erg beskadig, 41 was gedeeltelik verwoes, terwyl 50 heeltemal verwoes was. Die skade aan die geboue was £50 160 en aan meubels en handelsware £5 900.¹⁴

Oral het mense onder die puin na naasbestaandes gesoek. Binne 'n uur na die ontploffing was ongeveer 8 000 Johannesburgers op die ramptoneel. Dit was die onaangename taak van die polisie om na lyke en liggaamsdele te soek en te bepaal of dit aan mens of dier behoort het. Verskeie aspirant verpleegsters en byna al Johannesburg se geneeshere het gewondes verpleeg terwyl alle beskikbare rytuie gekommandeer is om gewondes na die hospitaal te vervoer. Teen 4.50 nm. was daar al ongeveer 100 pasiënte in die hospitaal.¹⁵ Weens die groot aantal beseerdes was daar nie genoeg akkommodasie in die hospitaal nie en is die res van die beseerdes na die Wanderersontspanningsaal geneem waar 'n tydelike hospitaal ingerig is. 'n Mediese staf van twaalf het gratis hulp verleen aan 215 pasiënte totdat die Wanderers op 29 Februarie 1896 gesluit is. 'n Week na die ontploffing het die dodetal te staan gekom op 56 blankes (15 volwasse mans, 20 volwasse vrouens, 12 seuns en 9 dogters), 11 swartes, 2 Indiërs, 2 Chinese, 1 Kleurling en vier kiste met ongeïdentifiseerde liggaamsreste.¹⁶

Op Donderdag 20 Februarie is die eerste 36 slagoffers te midde van hartroerende tonele in die Braamfonteinse begraafplaas ter aarde bestel. Ongeveer 3 000 mense was teenwoordig en predikante van die verskillende kerkgenootskappe het aan die seremonie deelgeneem. Die volgende dag is weer 34 slagoffers begrawe. Die kinders is waarskynlik die hardste getref deurdat baie ouerloos was na die ongeluk. Baie van hierdie kinders het by die hospitaal en verpleeginrigtings rondgedwaal, ander is deur familie versorg, terwyl enkelinge op die genade van vreemdes aangewese was.¹⁷

Op Donderdag 20 Februarie 1896 het president Kruger per spesiale trein in Johannesburg aangekom. Die trein het naby die ramptoneel gestop en daarvandaan is hy met 'n perdekar oor die verwoeste terrein rondgeneem. Hy het op die rand van die gat gestaan en daarin afgekyk, maar niks gesê nie. Daarna is die Staatspresident na die Wanderers waar hy met moeite sy emosie kon bedwing by die aanskoue van die rye doodskiste. By die hospitaal het hy die pasiënte moed ingepraat en daarna weer per trein vertrek.¹⁸

F Eckstein en lede van die Rand Club het 'n Finansiële Komitee gestig om

12. C.N.J. du Plessis. Uit de Geschiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek en van de Afrikaanders (Amsterdam, 1900), p. 193.
13. The Star, 22 Februarie 1896: Terrible Explosion of Dynamite.
14. The Johannesburg Times, 2 Maart 1896: The Dynamite Disaster.
15. The Star, 22 Februarie 1896: Terrible Explosion of Dynamite.
16. The Johannesburg Times, 27 Februarie 1896: The Dynamite Disaster.
17. The Standard and Diggers' News, 21 Februarie 1896: The Explosion.
18. *Ibid.*

noodlydendes te help. Dit het spoedig verander in die Dynamite Retief Fund onder beheer van die Dinamietramp-Bystandskomitee.¹⁹ Subskripsielyste is geopen en die publiek het met hulle bydraes 'n wêreldrekord opgestel deur binne 24 uur 'n bedrag van £60 000 in te samel. Onder beskerming van die Bystandskomitee is die dakloses op die tentoonstellingsterrein gehuisves tot 1 Junie 1896. Daar was twee groepe, naamlik diegene wat rantsoene ontvang en dan self gekook het, en diegene wat in die groot eet-saal gevoed is. Hier is ook 'n tydelike hospitaal onder beheer van 'n residensiële praktisyen en opgeleide verpleegsters vir pasiënte vanaf die hospitaal en Wandererssaal ingerig. Baie van die slagoffers het verkies om naby hulle verwoeste wonings te bly. Gevolglik het die Bystandskomitee 278 tente uitgeleen onder toesig van 'n tent-inspekteur. Slagoffers wat by vriende in Fordsburg kon huisgaan, is vanuit Kelly's Home gerantsoeneer. Die volgende hulp is deur die Bystandskomitee in die vorm van rantsoene verleen:²⁰

| Plek | Aantal Persone | Aantal Etes | Koste |
|-------------------------|----------------|----------------|-------------------|
| | | | £ s. d. |
| Wanderers | 761 | 2 576 | 2 887 19 3 |
| Johannesburg Hospitaal | 82 | | 592 12 0 |
| Tentoonstellingsterrein | 35 708 | 112 298 | 8 394 3 9 |
| Fordsburg | 53 247 | 181 125 | 5 787 7 3 |
| TOTAAL | 89 798 | 295 999 | 17 662 2 3 |

Die bedrag van £17 662-2-3d verteenwoordig kos, klere, beddegoed en salarisse aan amptenare.

Die onmiddellike reaksie was dat bepaal moes word wie vir die ramp verantwoordelik was sodat skadevergoeding geeis kon word. Vir baie mense was die spoorwegmaatskappy die aangewese sondebok. In 'n hoofberg het *The Star* as volg teen die spoorwegmaatskappy te velde getrek: "Donder maar op! Let her rip! Thunder away! The phrase, which is said to be a popular Hollander motto, is beginning to be quoted as an epigrammatic summary of the principles of management which actuate the Railway Company, and it has just received a poignant and terrible illustration".²¹

Die Komitee van die Dinamietbystandsfonds het per brief die Staatspresident bedank vir sy besoek aan die ramptoneel en gemeld dat hulle reeds 'n fonds van £60 000 byeengebring het.²² Die Uitvoerende Raad het die dag ná die ontploffing 'n besluit geneem waarvolgens die Staatspresident en lede van die Uitvoerende Raad wat die ramptoneel besoek het, hulle simpatie met die noodlydendes uitgespreek het, asook hulle waardering vir die milde gawes en edelmoedige hulp wat in hierdie opsig in Johannesburg en elders ten bate van die noodlydendes verstrek is. Verder het die Uitvoerende Raad besluit om £25 000 vir dieselfde doeleindes beskikbaar te stel op sodanige wyse as wat die regering raadsaam en doelmatig sou ag.²³

19. *Ibid.*

20. *The Star*, 4 Desember 1896: Dynamite Relief.

21. *The Star*, 24 Februarie 1896: Donder maar op!

22. S.S. 5300 Inkomende Stukke R 1795/96: Komitee Dinamiet-bystandsfonds — Staatspresident, 20 Februarie 1896, pp. 10–11.

(Transvaalse Argiefbewaarplek) U.R. 18 Besluite, art. 142, 21 Februarie 1896, p. 252.

Die staatspresident het persoonlik £200 bygedra terwyl Uitvoerende Raadslede J M A Wolmarans en J M H Kock asook die waarnemende staatsekretaris elk £25 bygedra het.²⁴

Op aanbeveling van die tesourier-generaal het die regering besluit om £25 000 in die bestaande Dinamietbystandsfonds te stort, mits die regering ook lede op die komitee kon benoem ten einde kontrole te hê oor die besteding van die geld. Die volgende persone is toe deur die regering op die Dinamietbystandskomitee benoem: G A A Middelberg, J L van der Merwe, N van den Berg, D E Schulte, A van Maltzan en J P Meyer.

Die Johannesburgers het hulle hande diep in hulle sakke gesteek sodat die bystands fonds uiteindelik op £126 399-3-0d te staan gekom het. Die feit dat veral lede van die Reform Committee, wat verhoorafwagtend was, so mildelik tot die fonds bygedra het, het veroorsaak dat sommige persone die afleiding gemaak het dat dit slegs gedoen was met die oog op die moontlike versagting van hulle vonnis. Hierdie gedagte word verder versterk as 'n mens let op die brief van die Staatsekretaris aan die lede van die Bystandskomitee waarin hy hulle bedank vir hulle edelmoedige optrede en dat hulle "in deze gedachtig mogen wezen aan het gewyde woord, door u in toepassing gebracht en waarop Z. HEd. heeft gewezen: 'Aan de barmhartigen zal barmhartigheid geschieden' ".²⁵

Die Gesondheidskomitee het tydens 'n spesiale vergadering op 20 Februarie 1896 met algemene stemme besluit om die regering te versoek dat die spoorwegmaatskappy belet moes word om dinamiet in Johannesburg te bring en dat dinamiet in die magasyne onmiddellik verwijder moes word na magasyne wat vyf myl noord van die stad opgerig moes word.²⁶ Op voorstel van H F E Pistorius het die Komitee hulle simpatie met die ongelukkige slagoffers uitgespreek.²⁷

Op versoek van die staatsprokureur het die Uitvoerende Raad 'n kommissie van ondersoek na die oorsake van die dinamietontploffing benoem ten einde te bepaal wie of wat vir die ontploffing verantwoordelik was. Die komitee sou bestaan uit J S Smit (regeringskommissaris van spoorweë), J F de Beer (regterlike kommissaris van Johannesburg) en J L van der Merwe (Mynkommissaris van Johannesburg).²⁸ Later is J Klimke, staatsmyningenieur, ook tot die kommissie bygevoeg.

Die kommissie het ten volle van sy reg om getuies te dagvaar, gebruik gemaak en die hulp van verskeie deskundiges ingeroep. Die bevinding van die kommissie was dat dit nie duidelik was wat die direkte oorsaak van die ontploffing was nie.²⁹ Volgens die getuenis van 'n vermaarde deskundige op die gebied van springstof kon die botsing tussen die rangeertrein en die dinamiettrotte nie die ontploffing veroorsaak het nie aangesien die gelatine van foutvrye kwaliteit was.³⁰ Van die kiste dinamiet wat voor die ontploffing afgelaai is, is deeglik deur plofstofdeskundiges ondersoek en aan toetse onderwerp.

24. S.S. 5300 Inkomende Stukke R 1795/96: Afskrif telegram Staatsekretaris — Mynkommissaris Johannesburg, 29 Februarie 1896, p. 33.

25. S.S. 5300 Inkomende Stukke R 1795/96: Afskrif Staatsekretaris — F. Eckstein, 21 Februarie 1896, pp. 26 — 27.

26. J. Arch. 84 Gezondheids Comité Notulen, 20 Februarie 1896, p. 404.

27. *Ibid.*, p. 406.

28. U.R. 13 Besluite, Art. 142, 21 Februarie 1896, p. 252.

29. S.S. 5254 Inkomende Stukke R1796/96: Rapport van de Commissie tot Onderzoek n.d. Oorz.-n der Dynamiet Ontploffing, p. 3.

30. *Ibid.*, p. 15.

Op indirekte wyse egter het die gesamentlike of afsonderlike nalatigheid van die N.Z.A.S.M., die Besteldienst Maatschappij en die Z.A. Fabrieken voor Ontplofbare Stoffen daartoe bygedra dat die ontploffing plaasgevind het.³¹ Nie een van die drie partye kon egter direk verantwoordelik gehou word vir die ontploffing nie aangesien dit nie duidelik was wat die direkte oorsaak was nie. Uit die getuienis het dit geblyk dat daar soms onverskillig te werk gegaan is met die op- en aflaai van dinamiet, sodat die oorsaak van die ontploffing dalk daarin geleë kon wees, maar dit sou nie vasgestel kon word nie aangesien die persone wat in die onmiddellike nabyheid van die laaery was “alle verdwenen”³²

Alhoewel die Bystandskomitee baie geld ingesamel het, kon hulle nie dadelik aan slagoffers skadevergoeding uitbetaal nie, aangesien eers bepaal moes word wie vir die ramp verantwoordelik was en watter kompensasie betaal sou word. Geen geregtelike stappe is geneem nie omdat eers gewag is op die verslag van die kommissie van ondersoek. Op Vrydag 24 April 1896 het die slagoffers van die ramp in die Fordsburgsaal vergader waar bekend gemaak is dat die kommissie van ondersoek tot die slotsom geraak het dat niemand vir die ramp verantwoordelik was nie.³³ Groot ontevredenheid het oor hierdie beslissing geheers. Aangesien die volgende sitting van die rondgaande hof eers in Februarie 1897 sou plaasvind, sou dit te lank neem om die saak deur die hof te laat beslis. Gevolglik is besluit om deur middel van memories by die regering op bystand aan te dring.

In 'n memorie aan die Eerste Volksraad meld 'n aantal Fordsburgers dat hulle met die “grootste verbaazing” verneem het van die kommissie van ondersoek se beslissing dat niemand verantwoordelik was nie en vra dat die Volksraad weer 'n kommissie van ondersoek moet instel.³⁴ Dit kon die Volksraad egter nie toelaat nie. Memories aan die staatspresident het op die gevaar gewys wat bestaan het deurdat mense bouvallige huise bewoon wat enige oomblik kon intuimel as gevolg waarvan die hospitaal gedurig vol sou wees.³⁵ Die algemene strekking van die memories was dat hulle eerder kontantvergoeding sou wou ontvang om self hulle huise te herbou in plaas daarvan dat die Bystandskomitee dit laat herbou. Hulle wys op hulle armoedige huisvesting waarin hulle reeds twee maande woon. Hulle is feitlik almal “huiseloos en de koude winter is op handen. Wy blyven nu in den Koe stalen en het is zeer ongeriefelyk voor ons voor regen en wind.”³⁶

Aan die begin van Mei 1896 was alreeds 92 huise in die hande van die kontrakteurs terwyl met nog 59 'n aanvang gemaak sou word sodra die nodige dokumente geteken was.³⁷ Vir eise wat minder was as die waarde van 'n nuwe huis is sodanige persone van sink en hout voorsien ter waarde van die eis om dan self hulle huise te herbou. Soms is huise deur middel van private kontrakteurs opgerig en dan het die komitee ná inspeksie 'n toelae betaal. Op dié wyse is daar teen die end van September 1896 reeds 368 huise voltooi. Drie soorte huise is opgerig, naamlik 'n kombuis en twee kamers teen

31. *Ibid.*, p. 4.

32. *Ibid.*, p. 16.

33. The Star, 25 April 1896: The Fordsburg Sufferers.

34. (Transvaalse Argiefbewaarplek) E.V.R. 405 Inkommende Stukke EVR 689/96: Memorie A.H. Botes en 277 ander, Fordsburg, 1 Mei 1896, pp. 96–107.

35. S.S. 5299 Inkommende Stukke R 4701/96: Memorie I. de Vries e.a. — Staatspresident, 18 April 1896, p. 132.

36. S.S. 5299 Inkommende Stukke R 5146/96: Memorie J. van der Walt, e.a., Jagersdorp, ontvangsdatum 6 Mei 1896.

37. The Star, 8 Mei 1896: The Dynamite Relief.

£150; 'n kombuis en drie kamers teen £172; en 'n kombuis en vier kamers teen £186. "Previous to the disaster, the tenements in the locations affected were built chiefly of 'sod' bricks, kerosene tins, and situated with utter disregard to shape or regularity".³⁸ Feitlik sonder uitsondering was die slagoffers nou, wat behuising aanbetrif, beter daaraan toe as wat hulle voor die ontploffing was.

In Desember 1896 het die bystands fonds gesluit met 'n oorskot van £32 552-0s-10d in die bank. Daar is toe besluit om aan die skenkers 'n proporsionele terugbetaling te maak van die bedrag wat hulle geskenk het en indien hulle dit nie wou hê nie, die geld onder liefdadigheidsorganisasies te verdeel. Op dié wyse het baie liefdadigheidsorganisasies gebaat. Die regering het £6 000 van die oorspronklike £25 000-bydrae terugontvang, maar die Eerste Volksraad het besluit dat dit tot beskikking gestel moes word van diegene wat nog nie eise om vergoeding ingestuur het nie.³⁹

Hoewel die dinamietontploffing geweldige verliese veroorsaak het, was dit in 'n sekere opsig ook 'n bate, naamlik deur die verwydering (hoewel miskien net tydelik) van die vyandigheid tussen Boer en Uitlander so kort na die politieke onrus in Johannesburg en die Jameson-inval. Een koerant het dit soos volg verwoord: "Questions of race and politics have been quite submerged: and let us hope that when political questions re-emerge, both sides will mitigate their rancour with an enduring remembrance of the common bonds of human pity which unite them in face of the ghastly tragedy through which we have passed. Johannesburg has given unstintingly of its wealth for the succour of sufferers who are mainly of Dutch extraction: and this fact will never be forgotten ... There have, perhaps, been misapprehensions to which we may plead guilty: but now that a common calamity has brought us on a common platform, and we naturally find each other imbued with some of the best instincts of humanity, it would be a dignified and gracious thing for Mr. Kruger to acknowledge."⁴⁰

38. *Ibid.*, 7 Oktober 1896: The Dynamite Disaster.

39. Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek, 17 Februarie 1898, Art. 53, p. 15.

40. The Star, 22 Februarie 1896: Terrible Explosion of Dynamite.